

DIE SOSIALE GEDRAG EN EKOLOGIE VAN DIE SWARTPIEK

J.J. Herholdt

Die Swartpiek *Myrmecocichla formicivora* is seker een van die mees algemene en bekendste voeltjies in die Vrystaat. Waar 'n mens ook al in die veld beweeg kan die kenmerkende swart voeltjies met hul kersregop houding waargeneem word. Ten spyte van sy wye verspreiding en bekendheid is daar egter nog weinig bekend oor die sosiale gedrag en ekologie van die Swartpiek. Dit is deels te wyte aan die feit dat hulle in gate broei, met ander woorde die nes word aan die einde van 'n tunnel gebou. Dié tunnel word deur beide die mannetjie en die wyfie in 'n sandbank of in die kant van erdvarkgate gegrawe.

Tydens 'n projek is gevind dat om voëls se neste in die broeityd op te spoor heel maklik is, aangesien die kuikens (veral soggens) gevoer word. 'n Mens volg dus net 'n Swartpiek met 'n insek in sy bek en so word jy na die nes gelei. Daar moet mens veral versigtig wees omdat die pieke baie sensitief is vir steuringe, en daarom kan die neste met eiers gelos word.

Die Swartpieke kom gedurende en na die broeiseisoen in klein familiegroepe van tot 10 en meer voëls voor. Dit sluit die ouerpaar en twee tot drie broeisels kuikens in. Net voor die volgende broeiseisoen spat die familiegroepe uiteen en kom gewoonlik net pare voor.

Omdat die voëls in gate broei, moes 'n apparaat gemaak word om die taak te vergemaklik. Vir die doel is 'n lampie en spieël vooraan 'n 1½ meter pypie gemonteer aan 'n battery gekoppel is, sodat gesien kan word wat binne die nes aangaan.

Op die manier kan vasgestel word hoeveel eiers per broeisel gelê word en hoe lank dit neem voordat hulle uitbroei. Die tydperk wat die kuikens in die nes bly kan ook waargeneem word.

Om die kuikens se groeitempo te monitor moes sommige neste oopgegrawe word. Dit het behels



dat vierkantige gate agter die neskamers gesink moes word waarna 'n klein gaatjie na die neskamer deurgegrawe word. Die kuiken is dan d.m.v. 'n pen gemerk om individue te herken totdat hulle groter is, daarna is hulle met kleurringe bering. Die kuikens is daaglikse gewoene en gemeet en veervorming is aangeteken. Sodra dit klaar gedoen was, is die kuikens teruggeplaas in die neskamer en die opening met 'n klip afgeseeël. Die groot vierkantige gat is dan bedek en met grond toegegooi om meerkatte en ander roofdiere weg te hou.

Daar word ook intussen gekyk na wie die kuikens voer en hoe gereeld dit geskied. Sodra die kuikens die nes verlaat word hulle gevolg en individue se bewegings en voeding word aangeteken. Dit is moontlik omdat die voëls elk met sy eie unieke kleurringkombinasie gekleurring is. Op die manier kan vasgestel word hoe lank so 'n familiegroep saam bly voordat hulle uitmekaar spat.

Daar word intussen ook maandeliks twee swartpieke versamel om verwerings, massa en maaginhoud te bestudeer.

Bogenoemde is enkele aspekte van die interessante voëlsoort waarna gekyk word en die metodes wat gevolg word in 'n poging om 'n geheelbeeld oor die alledaagse leefwyse van die Swartpiek te kry.

